

**Skriflesing : Matteus 2:13-23**  
**Tema : Die vlug na Egipte- waarvan vlug ons en waar is ons toevlug?**

### BROODJIES VIR DIE PAD

“No single event can awaken within us a stranger whose existence we had never suspected. To live is to be slowly born.”

— *Antoine de Saint-Exupéry, Flight to Arras*

“You will never be able to escape from your heart. So it's better to listen to what it has to say.”

— *Paulo Coelho, The Alchemist*

“When introverts go to church, we crave sanctuary in every sense of the word, as we flee from the disorienting distractions of twenty-first-century life. We desire to escape from superficial relationships, trivial communications and the constant noise that pervade our world, and find rest in the probing depths of God's love.”

— *Adam S. McHugh, Introverts in the Church: Finding Our Place in an Extroverted Culture*

“Spirituality is not to be learned by flight from the world, or by running away from things, or by turning solitary and going apart from the world. Rather, we must learn an inner solitude wherever or with whomsoever we may be. We must learn to penetrate things and find God there.”

— *Meister Eckhart*

“Let us not underestimate how hard it is to be compassionate. Compassion is hard because it requires the inner disposition to go with others to a place where they are weak, vulnerable, lonely, and broken. But this is not our spontaneous response to suffering. What we desire most is to do away with suffering by fleeing from it or finding a quick cure for it.”

— *Henri J.M. Nouwen*

“If you really want to escape the things that harass you, what you're needing is not to be in a different place but to be a different person.”

— *Lucius Annaeus Seneca, Letters from a Stoic*

“This book is to be neither an accusation nor a confession, and least of all an adventure, for death is not an adventure to those who stand face to face with it. It will try simply to tell of a generation of men who, even though they may have escaped shells, were destroyed by the war.”

— *Erich Maria Remarque, All Quiet on the Western Front*

“It was only a smile, nothing more. It didn't make everything all right. It didn't make ANYTHING all right. Only a smile. A tiny thing. A leaf in the woods, shaking in the wake of a startled bird's flight. But I'll take it. With open arms. Because when spring comes, it melts the

snow one flake at a time, and maybe I just witnessed the first flake melting. - Amir”

— *Khaled Hosseini, The Kite Runner*

“We're lonely. Mother Teresa called loneliness the leprosy of the Western world, maybe even more devastating than Calcutta poverty. Loneliness drives us to talk about ourselves to excess and to turn conversations toward ourselves. It makes us grasp on to others, thinking their role is to meet our needs, and it shrinks the space we have in our souls for welcoming others in. That loneliness would keep us from listening, and others from listening to us, is a tragedy, because being listened to is one of the great assurances in this universe that we are not alone.”

— *Adam S. McHugh, \*The Listening Life*

“Hearing is an act of the senses, but listening is an act of the will.”

— *Adam S. McHugh, The Listening Life: Embracing Attention in a World of Distraction*

“It is not by sidestepping or fleeing from suffering that we are healed, but rather by our capacity for accepting it, maturing through it and finding meaning through union with Christ, who suffered with infinite love.”

— *Pope Benedict XVI, Saved in Hope: Spe Salvi*

**THE FOOLISHNESS OF THE WISE** is perhaps nowhere better illustrated than by the way the three Magi went to Herod the Great, king of the Jews, to find out the whereabouts of the holy child who had just been born king of the Jews to supplant him. It did not even strike them as suspicious when Herod asked them to be sure to let him know when they found him so he could hurry on down to pay his respects.

Luckily for the holy child, after the three Magi had followed their star to the manger and left him their presents, they were tipped off in a dream to avoid Herod like the plague on their way home.

Herod was fit to be tied when he realized he'd been had and ordered the murder of every male child two years old and under in the district. For all his enormous power, he knew there was somebody in diapers more powerful still. The wisdom of the foolish is perhaps nowhere better illustrated.

— *Frederich Buechner*

“There is no place to which we could flee from God, which is outside of God.”

— *Paul Tillich*

“If five hundred million affluent Europeans cannot absorb a few million impoverished refugees, what chance does humanity have of overcoming the far deeper conflicts that beset our global civilization?”

— *Yuval Noah Harari, 21 Lessons for the 21st Century*

●●●

## **JAAROORSIG: DIE KERK SOEK 'N STERK STEM NA COVID-19**

### **CHRISTINA LANDMAN**

Christina Landman gee 'n oorsig oor die jaar se kerksake, met 'n spesifieke fokus op kerke vir Afrikaanssprekendes.

Dis moeilik om 'n oorsig oor kerke en hul bedrywighede te gee. Niemand weet hoeveel kerke daar in Suid-Afrika is nie. Dalk 30 000 of 40 000?

Anders as Josef en Maria, laat kerke hulle nie tel nie. En dis verstaanbaar. Want hulle is bang as hulle registreer by die staat, sal die staat hulle voorsê.

Ek dog toe al die tyd die staat kan sy maatskaplike dienste deur betroubare, geregistreerde kerke doen. Soos kospakkies uitdeel. En MIV-medisyne verskaf aan mense wat ver van hospitale en klinieke is. Maar toe hoor ek dat kerke wat wel geld van die staat kry vir hul diakonale dienste, hierdie jaar hul geld láát – of glad nie – gekry het. Kinderhuise, ouetehuse en nog veel meer, bly in die slag. Aan die ander kant was daar aantygings dat die Christelik Maatskaplike Raad- (CMR) Noord kinders afgerig het om in howe teen hul pa's te getuig. Die hof het intussen CMR-Noord se finansies voorlopig herstel.

### **Kerke en wetgewing**

Daar is nou inderdaad 'n wysigingswetsontwerp op die tafel wat daarop gemik is om geldwassery te bekamp, wat kerke sal dwing om te registreer by 'n beheerliggaam wat hul finansies sal reguleer.

Dit is om Suid-Afrika daarvan te red om gryslis-status te kry, beweer die wetsontwerp. Maar dit word erg deur die genoemde kerke gekritiseer. Sal net hul finansies gereguleer word – of ook hul leerstellinge?

Dit is nie die enigste wetsontwerp wat hierdie jaar deur die kerke bevestig is nie. So het die NG kerk byvoorbeeld homself sterk uitgespreek teen die Bela-wysigingswetsontwerp wat skole se taal- en toelatingsvereistes by beheerrade wegvat en dit vir die staat, oftewel provinsiale politici, gee.

Die NG Kerk is ook gekant teen die voorgestelde wysiging van die Kieswet, en het duidelik gesê dat dié kerk 'n stelsel voorstel waar mense vir 'n spesifieke kandidaat stem wat aan hulle verantwoording moet doen.

### **Afrikaanse kerke stil?**

Ek beperk myself in hierdie oorsig tot die hoofstroom-Afrikaanssprekende kerke. En dan moet ek dadelik sê dat g'n mens meer weet wat die kerk se rol ten opsigte van die staat en die gemeenskap is nie.

Want pas nadat kerke hulle uitgespreek het teen die staat en sekere wetsontwerpe, word die kerke self gekritiseer omdat hulle op belangrike tye stilbly.

Hulle is stil wanneer KwaZulu-Natal oorstrom. Hulle is stil wanneer Rusland vir Oekraïne binneval. Hulle is stil wanneer 'n student op 'n ander se skootrekenaar urineer. Hulle is stil wanneer die res van die land saamstaan teen geweld teen vroue en kinders. Is die kritiek geregverdig dat hierdie kerke Afrikaner-belange vooropstel, soos wanneer dit kom by moedertaalonderwys? En selde 'n gesamentlike stem met ander kerke in Suid-Afrika uitbring?

Afrikaanssprekende kerke is wel vanjaar verteenwoordig op die Wêreldraad van Kerke (WRK) se 11de Algemene Vergadering in Karlsruhe in Duitsland. Dit het plaasgevind

van 30 Augustus tot 6 September. Die vraag is maar net of hierdie kerke se stem, wat hulle aan ander kerke bind, duidelik genoeg hier in Suid-Afrika uitkom.

Tussen hakies, 'n Suid-Afrikaner, Jerry Pillay, is tot algemene sekretaris van die WRK verkies. Hy is 'n lid van die Presbiteriaanse kerk.

Kinders hou 'n byeenkoms in die Oos-Kaap ná die tragedie by die Enyobeni-taverne waar 21 mense in Junie gesterf het. Onder hulle was talle minderjariges.

### **Kerke en die jeug**

Die kerke in Suid-Afrika het wel saam getreur oor die Enyobeni-taverne-voorval in Oos-Londen op 26 Junie vanjaar toe 21 jong mense – 'n groot getal minderjariges – dood is.

Op (ook Christelike) geselsprogramme is gevra: Wie se skuld is dit? Wie moet kinders grootmaak en beheer? Ouers? Die skool? Die kerk? Die staat se wetgewing? Of moet kinders – ten minste van 18 af – verantwoordelikheid vir hulself aanvaar? Te midde van die tragedie, is dit 'n goeie voorbeeld van kerke – al was dit meestal nie amptelik – wat saamgepraat het oor dinge wat die samelewing diep raak.

Jong mense bly vir die kerke 'n uitdaging. Baie gemeenskappe word deur jong mense op dwelms beheer. En die kerke het nie raad nie. Of hulle het te min jong mense in die kerk oor om na te luister. Ook hierdie jaar is daar min bewyse dat kerke en jong mense mekaar gevind en ondersteun het.

### **Sinodes en doringsake**

Maatskaplike probleme het ook nie sterk op die agendas van kerklike sinodes gedien hierdie jaar nie. Nadat hul sinodes gedurende Covid-19 uitgestel is, het kerke meerendeels na binne gekyk, hoe hulle gegroei en ontgroei het.

Die Hervormde Kerk (NHK) het sy algemene sinode hierdie jaar gehou en veral gekyk hoe die Bybel gelees moet word. Die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGKSA) het ook 'n algemene sinode gehou om sy innerlike sterktes te vernuwe.

Ná Covid-19 het die kerk probeer grondvat tussen sy lidmate. En doringsake, soos homoseksualiteit en die afreeouderdom van dominees, moes na taakspanne verwys word. Die NHK het vir die eerste keer in sy geskiedenis twee vroue op sy moderatuur van vier lede verkies. Die VGK het lank die voortou geneem met vroue in die hoë gestoeltes – met Mary-Anne Plaatjies wat eens die moderator was. Maar met hierdie sinode het geen vrou die moderatuur gehaal nie.

Dit was interessant dat daar nie verteenwoordigers van die media was op enige van hierdie sinodes nie. Het die wêreld belangstelling in die kerk verloor?

Volgende jaar sal die NG Kerk en die Gereformeerde kerke hul algemene sinodes hou. Sal hulle na binne vernuwe, of die kerk na buite 'n sterk stem gee waarvan kennis geneem moet word?

Miskien is die media self verward oor watter stem van “die kerk” hulle na moet luister. Nie net is daar duisende kerke nie, maar 'n kerk kan nie meer aandui hoeveel lidmate hy verteenwoordig nie. Navorsing het getoon dat ten minste 30% van Christene in Suid-Afrika aan meer as een kerk behoort. Lidmate se name op 'n kerk se boeke beteken nie meer dat daardie kerk sterk in getalle is en 'n invloed in die samelewing uitoefen nie.

## Belangrike teoloë sterf

So, watter soort stem verwag die media van die kerk? Waaroor berig kan word omdat dit belangrik vir die samelewing is? Eers het kerke 'n stem vir of teen apartheid gehad. En toe was dit belangrik om oor te berig. Toe het die kerke hul stem oor moraliteit verloor. Oftewel, hulle het dit self weggegee.

So, waarom praat kerke nou nog in die openbaar? Kerkleiers is nie meer openbare figure nie. Adrio König is op 20 Julie vanjaar dood. Hy was 'n behoudende teoloog in hoe hy die Bybel gelees het. Maar hy het hom ook baie in die openbaar uitgespreek teen rassisme en seksisme. 'n Openbare figuur. Toe hy dood is, berig net Die Kerkbode aanvanklik iets oor hom.

Klaus Nürnberger is ook hierdie jaar dood, op 27 Junie. 'n Groot plaaslike teoloog. Die publiek weet waarskynlik nie eens van hom nie.

'n Hele geslag belangrike teoloë is besig om uit te sterf. Hulle word nie onthou nie. En wie gaan hulle opvolg? En watter openbare stem gaan hulle hê, sou 'n mens kon vra.

## Twee groot gesprekke

Daar was twee groot gesprekke hierdie jaar op die tafel. Die een was oor God. Wie is God? Waar is God? Bestaan God? Hoeveel mense draai sekulêr die rug op die kerk? Hoeveel mense is ontnugter oor God ná Covid-19 en die verval van die samelewing?

Johan Retief se boek Die slegte nuus van die Evangelie (Naledi) oor sy afskeid van geloof, het openbare aandag getrek. Ander artikels, soos dié van Ernst Conradie en ander teoloë, het ongesiens verbygegaan, maar moet by die gesprek ingetrek word.

Die tweede gesprek het oor Andrew Murray gegaan wat vanjaar 200 jaar oud sou wees. Wat was sy nalatenskap? Is sy mistieke, evangeliese entoesiasme nog genoeg om mense in die kerk te hou?

Wat is die hoofkomponent van Afrikaanssprekende kerke vandag? Is dit 'n sekularisasie en musiekery om by mense aan te pas wat in elk geval die kerk verlaat het? Of is dit 'n 200 jaar oue gewyde wat selfs die mense wat nog kom, verveel?

Of is dit dalk 'n plek waar dominees 'n streng Calvinisme preek met 'n God wat sy plek ken, terwyl die mense daaronder eerder wil glo in wonderwerke, gebede wat verhoor sal word, en in alles tekens wil sien van God se betrokkenheid?

Johan Retief se boek wat vanjaar opslae gemaak het. 2023 kan anders wees

Opgesom, het die kerk sy stem te sag laat hoor hierdie jaar. Hy moes eers sy voete vind ná Covid-19. Maar 2023 kan gerus anders wees. Want die kerk onderskat sy stem, met 80% van mense in Suid-Afrika wat Christene is. In Engeland, byvoorbeeld, is dit minder as 30%. Noudat die koningin dood is, en die koninklikes hulself begin verlaag, is dit nog minder! Maar met 'n 80%-ledetal hier kan die kerk sy stem laat hoor.

Hoe die kerk sy stem nog harder kan laat hoor met samewerking van ander godsdienste . . . dit is 'n skrywe vir 'n ander keer.

Geseënde 2023!

## MARTIE RETIEF-MEIRING: DAAR IS MENSE WAT PRAAT IN UITROEPTEKENS

Was dit nie 'n verskriklike jaar nie! Die vreeslike ellende met ongelooftlike korrupsie en vernietigende beurtkrag en die vuilste politiek en . . . en . . . en . . .

En so gaan ons aan met oordrywing. Noem my maar die koningin van hiperbool. Want boeta, kan ek óórdryf! Die familie het gekla dat ek in uitroepstekens praat. Niks is sommer net aangenaam nie. Dis super-aangenaam! Niks is sommer net vervelig nie, dis aarts-vervelig!

Niks is net mooi nie, dis beeldskoon!

Toe ek die nuwe sekretaris-generaal van die ANC, Fikile (Fear f\*k\*) Mbalula, se eerste perskonferensie aanhoor, kon ek net kopskud oor iemand wat my dalk oortref met die gebruik van die oortreffende trap. Sy (Mbalula én die ANC se) geliefde sêding "we will hit the ground running" is dalk die uiterste vorm van hiperboliese uitdrukking. Running? 'n Politieke party wat nie eers sy eie eindpaal betyds kan haal nie.

Maar met Kersfees op hande is die oortreffende trap seker die algemeenste trap. Die beste afslag ooit. Die mooiste Kersliggies. Dis afteltyd Kersfees toe ná die droewigste twee jaar ooit. (Vergeet dat gerookte ham duurder is as ooit!)

Ons oordrywers word alte dikwels van dramatiese neigings beskuldig. Dis dalk alte waar. Ons "verhoog" is enigiets in sig en ons "gehoor" die naaste mens met ore. Ons sal, byvoorbeeld, nie net 'n rolprent aanbeveel nie. Ons sal daarop aandring dat die toehoorder die fliek móét sien.

Moet net nie praat van die Harry-en-Meghan-reeks nie. Harry word in ons oordrywers se oordeel die "arme simpelste, stupid klong". Meghan word die "sieligste slagoffer van alle tye". (Eintlik het ek 'n greintjie simpatie met haar, daar is niks so bloedlustig soos Britse poniekoerante nie.)

So sterk is die sug na die grootste en beste van enigiets dat ons onsterflike 'beste'-lyste het.

Van bloeddorstigheid gepraat: Ons oordrywers het ook maar 'n bietjie bloedlus. Kyk hoe het sommige (eintlik baie) van ons Charlize Theron uitgedinges as iemand wat nie kan tel nie, pleks van iemand met 'n skerp sardoniese stem toe sy Afrikaans as sterwend beskryf het met nog net 44 mense wat dit praat. 'n Pragtige voorbeeld van oordrywing!

'n Sinikus sou glo indertyd gesê het Stalin sê Hitler is 'n mensvreter. Dit is as hiperbool bestempel. Tog het mense ook duidelik laat hoor dat Stalin weer die wreedste menseslagter was.

Outydse sirkusse het die kuns (of siekte) van oordrywing bevorder met kraampies waar mense teen betaling na die grootste, of kleinste of lelikste of vetste mens in die wêreld kon gaan kyk het. So sterk is die sug na die grootste en beste van enigiets dat ons onsterflike "beste"-lyste het. Nefertiti is die mooiste vrou in die wêreld, Plato die grootste politieke denker, Houdini die grootste ontsnapper.

Maar, en sonder om te oordryf: Jacques Pauw se *Our Poisoned Land* en Pieter du Toit se *The ANC Billionaires* is vanjaar loshande die beste Krismispresente.

Dié skrywers het nie hiperbool nodig nie. Die plein waarheid is genoeg.

[wynandgnel@outlook.com](mailto:wynandgnel@outlook.com) 082 901 5877



